

Sing vooraf staande: Skrifberyming 7-2:1, 2 (nuut)

- 1 Die Begin en Einde, / Alfa en Omega, / hoor, dis Ek wat kom!
Hou my wet en woorde / tot jy deur die poorte / veilig binnekom.
Buite bly die bese staan, / sondaars wat voor God nie bewe. / – Jý ontvang die lewe!
- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / “Einde van die nag!”
En die Gees en bruid roep uit: / “Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:1, 2 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 60:1, 2 (p. 294)

- 1 O God, hoe het U ons verstoot! / U grimmigheid was oor ons groot.
Herstel ons; laat die land herleef / wat U geskeur het en laat beef!
Herstel, genees sy breuke weer, / want alles wankel voor U, HEER!
U 't ons 'n harde saak laat sien / en swymeldrank ons toegedien.
- 2 U hef vir ons 'n vaandel hoog / waar ons kan heenvlug vir die boog –
'n reddingspaal het U geplant. / Verhoor ons, red ons deur u hand!
God het dit uit sy tempel al / laat klink met hoogste jubelskal:
“k Sal Sigems stad my eie heet / en Sukkot as my erfdeel meet.”

Gebed

Psalm 72:1, 4 (p. 360)

- 1 Gee aan die Koning, HEER, u regte / en u geregtigheid
aan Koningskind, dat Hy u knegte / kan rig met wys beleid.
Dan vind u volk weer 'n beskermmer, / een wat hul saak besleg,
ellendiges weer 'n ontfermer / wat oordeel volgens reg.
- 4 Dan kom die tyd van welbehae, / wanneer die vrede bloei;
regverdiges sal in sy dae / in volle wasdom groei.
Van see tot see – geen grensomlyning, / orals gebied sy staf,
totdat die maan, die bleek verskyning, / val van die hemel af.

Skriflesing: Sagaria 9:1-10; Matteus 21:1-11

Kernverse: Sagaria 9:9-10

Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel —op 'n jong esel, die vul van 'n eselin. En Ek sal die strydwaens uit Efraim en die

perde uit Jerusalem uitroei, en die strydboog sal vernietig word. Dan sal Hy aan die nasies vrede ver-kondig, en sy heerskappy sal wees van see tot see, en van die Eufraat tot aan die eindes van die aarde.

(Sagaria 9:9-10 AFR53)

Tema: Jubel en juig! Jou Koning kom na jou toe

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, hierdie Sondag voor Goeie Vrydag staan onder Christene bekend as Palmsondag. Dit is op hierdie Sondag twee duisend jaar gelede wat Jesus op die hingsvul van 'n donkie Jerusalem binnegery het terwyl die mense saam met Hom met palmtakke gewaai en Psalm 118 tot eer van Hom gesing het. Uit volle bors sing hulle: *Loof die Koning wat in die Naam van die Here kom!*

Miskien het jy ook al so 'n ondervinding gehad: Jy het vir jouself 'n prentjie voorgestel en verbeel hoe iets moet lyk, maar die dag wat jy dit uiteindelik te sien kry, lyk dit heeltemal anders as wat jy jou voorgestel het. Die Jode het vir hulleself 'n prentjie voorgestel van hoe die Koning – die Messias-koning – moet lyk wat in die Naam van die Here kom. Die fokus van hulle prentjie was die woorde van Sagaria 9:10. Die Koning wat in die Naam van die Here na Jerusalem toe sal kom, sal die juk van die Romeine kom afgooi en vrede vir Israel bring. Vir baie van die Jode in Jerusalem was dit dus teleurstellend toe hulle hoor: **Dit is die profeet Jesus van Nasaret in Galilea** (Matteus 21:11 AFR83). Hy lyk dan nie eers soos 'n koning nie. Wat sal hierdie Jesus tog teen die Romeine kan uitrig?

Toe die skare al singende Jerusalem binnegekom het, het die hele stad in beroering gekom. Die Romeinse soldate was in hierdie week voor die Paasfees ekstra paraat omdat die nasionale gevoelens hoog geloop het onder die Jode. Toe hulle die gedruis hoor, het hulle ook gou gemaak om te sien wat aan die gang is, maar toe hulle hoor wie dit is wat op die donkie ry, het hulle maar net gesê: O! en omgedraai. Vir hulle het Jesus ook nie na bedreiging gelyk nie.

Vandag is daar steeds mense wat opgewonde is om Jesus as Koning te ontvang, want hulle het dié idee: Sodra ek vir Jesus as Koning in my lewe erken, gaan al my probleme soos mis voor die son verdwyn en kan ek rustig met my eie lewe aangaan. So baie maal word hierdie mense teleurgestel omdat dit nie so gebeur nie en dan gaan seek hulle maar iets of iemand anders wat hulle probleme kan wegneem soos hulle dit wil hê.

Broers, susters en kinders, Jesus Christus is inderdaad Koning en Hy kom om te regeer. Daarom moet ons wat onself aan Hom onderwerp, jubel en juig. Om oor die koms van hierdie Koning te juig en te jubel, is dit nodig om te weet wie Hy is en wat sy koms uiteindelik sal beteken. Dit is immers wat die Heilige Gees ons in vanoggend se kernverse leer.

Die koms van 'n koning is egter nie vir almal altyd goeie nuus waaroor hulle wil jubel nie. In Sagaria 9:1-8 word daar ook geprofeteer oor die koms van 'n koning. Dit is die Here se uitspraak oor die koms van Alexander die Grote, die Griekse veroweraar wat die bekende wêreld van destyds binne tien jaar aan sy voete gehad het. Sy koms het egter net pyn en verwoesting meegebring, want vir hom het dit nie gegaan oor die mense wat sy onderdane word nie, maar net oor sy eie mag en aansien.

Dit is vir ons ook moeilik om te jubel oor die koms van 'n koning as ons hoor hy wil volle beheer hê oor elke deel van 'n mens se lewe. Ons wil immers in beheer wees van ons eie lewens. Die inmenging van 'n regering word net tot op 'n punt geduld. Wanneer 'n koning egter jou woorde en dade wil beheer en begin sê hoe jy jouself teenoor ander mense moet gedra, raak ons krielrig. Oor so 'n koning se koms wil ons nie juig nie.

Jesus Christus is egter juis so 'n Koning. Hy het alle gesag in die hemel en op die aarde. Daarom het Hy alle gesag oor elke liewe mense se hele lewe hier op aarde – ook oor my en jou hele lewe. Met hierdie Skrifgedeelte wil die Heilige Gees ons weerstand teen die gesag van Jesus Christus as Koning in ons lewe wegneem.

Jerusalem en Sion moet juig en jubel, want **kyk, jou Koning kom na jou** (Sagaria 9:9 AFR53). Die woorde *na jou* kan ook vertaal word met *vir jou*, en dan het dit die betekenis in die konteks van hierdie gedeelte dat die Koning vir Jerusalem en Sion se voordeel kom. In die dae van Sagaria was Jerusalem nog onder die heerskappy van die Persiese Ryk. Die koms van die Koning sal vir haar groot voordeel inhou. Maar dit gaan nie soseer oor die politieke omstandighede van daardie tyd nie. Dit gaan eerder oor die oorsaak wat gelei het tot die politieke omstandighede waarin Jerusalem verkeer het.

Die oorsaak vir Israel se omstandighede van destyds is by ons ook teenwoordig. Ons verkeer onder 'n geestelike mag waarvan ons onself nie kan bevry nie. Om dan werklik die voordeel van die Koning se koms te geniet, moet ons tot die besef kom dat ons so 'n Koning soos die Messias nodig het – iemand wat ons kan bevry van die geestelike oorheersing waaraan ons onself gewillig oorgegee het. Kom ons let op wie Koning Jesus Christus is.

Jesus Christus is die Koning van gesag. Die begrippe *gesag* en *koning* gaan hand aan hand. Tydens sy optrede hier op aarde het Jesus sy doen en late nie met 'n groot gedoente aangekondig nie. In 'n gees van sagmoedigheid het Hy die mense onderrig. En hulle was vol verwondering oor Hom, **want Hy het hulle geleer soos 'n man met gesag en nie soos hulle skrifgeleerdes nie** (Matteus 7:29 AFR83). In alle omstandighede het Jesus gesag gehad. Alhoewel die Joodse leiers Hom gehaat het en elke denkbare manier gesoek het om van Hom ontslae te raak, kon hulle niks aan Hom doen totdat sy tyd aangebreek het nie.

Op die Sondag voor sy kruisiging het Jesus Homself getoon as die Messias wat moes kom. Hy vervul die profesie van Sagaria 9:9. Hy ry op 'n donkie onder die jubelende klanke van die *Hosanna*-liedere van die skare. Jesus is inderdaad die Messias wat belowe is en nie die een wat die Jode hulle verbeel het moes kom nie. Jesus het hierdie intog van Hom in Jerusalem so gedoen sodat hulle Hom later die week gevange kon neem en uiteindelik kon kruisig.

Jesus Christus was in volle beheer van elke omstandigheid rondom Hom. Met gesag het Hy opgetree ook in sy lyding. Hy is nie die martelaar van 'n politieke opstand wat sommige van Hom wil maak nie. Hy het gewillig sy eie lewe afgelê vir sy skape. Niemand het sy lewe van Hom af weggenem nie. Met gesag het Jesus ook die politieke hoof in Jerusalem gebruik om Hom onskuldig te verklaar maar tog oor te gee om gekruisig te word. Niks wat in daardie week voor sy kruisiging gebeur het, het Jesus onkant gevang nie. Hy het as Koning dit so bestier.

Die volgende waarop die Heilige Gees ons wys, is dat Jesus Christus die Koning van geregtigheid is. Ons ervaring van owerhede van vandag is glad nie so gunstig nie. Kort-kort hoor ons van nog 'n korrupsie wat oopgekrap is, maar dit verdwyn ook net weer so stilletjies. Dit gebeur nie net in ons land nie, maar oor die hele wêreld omdat die hele wêreld vasgevang is in die mag van eie belang en hebsug wat aangevuur word deur die Satan self.

As Jesus Christus genoem word die Koning van geregtigheid beteken dit meer as net dat Hy reg en billik optree. Hy is immers die enigste Koning op aarde wat volmaak aan die geregtigheid van God voldoen het. Hy het die wet van sy Vader volmaak gehoorsaam. Hy het aan die geregtigheid van God voldoen toe Hy aan die kruis die volle prys betaal het vir die sondes wat ons doen. Hy het nooit in eie belang opgetree nie. Korrupsie is nie 'n woord wat aan iets wat Hy gedoen of gesê het, gehang kan word nie. Hy het net in belang van sy Vader se uitverkorenes kom werk.

Wanneer Hy ons dan as Koning deur sy Woord en Gees regeer, doen Hy dit reg en billik. Ja, soms lyk dit vir ons of sy regering in ons lewens nie regverdig is nie, want ons begryp nie alles ten volle nie. Sy bevele gaan soms so teen ons natuurlike grein in en dit voel vir ons asof Hy van ons dinge verwag wat ons glad nie kan doen nie. Dan herinner die Heilige Gees ons daaraan dat Jesus die Koning van reg is en alles wat Hy doen en beveel, doen en beveel Hy in ons belang sodat ons sy Vader kan verheerlik.

Jesus Christus is die gesagvolle Koning van geregtigheid en Hy is die Koning van verlossing. In albei ons Afrikaanse vertalings staan daar dat die Koning 'n *oorwinnaar* is. Die woord wat ons so vertaal, beteken ook *om te verlos*. Daarom sê ons dat Jesus Christus die Koning van verlossing is.

Dit is nou al gesê dat die Joodse leiers van destyds die fokus laat val het op die Messias soos wat Hy in vers 10 beskryf word. Hulle het verwag dat Hy Israel van al hulle aardse vyande sal verlos. In die evangelie wys die Heilige Gees ons egter daarop dat die profesie van Sagaria 9:9-10 nog net gedeeltelik vervul is. Net vers 9 word in Matteus en Johannes aangehaal as vervuld. Vers 10 se profesie sal vervul word met Christus se wederkoms. Ons kom later daarby uit.

In die Nuwe Testament maak Jesus Homself eerste bekend as die lydende Knecht van die Here wat verlossing van sondes bring vir die volk van God. Hy gee Homself aan die dood aan die kruis oor sodat daar aan God se regverdige oordeel oor die sonde voldoen kan word. Die straf op die sonde is immers nie net liggaamlike dood nie maar die ewige dood waarin 'n mens vir ewig van God verlate is. Op Golgota het Christus as die Koning van verlossing hierdie straf gedra vir die uitverkorenes van God. Deur die dood van sy Seun toon God Homself as die regverdige God wat die sonde nie ongestraf laat bly nie en ook as die barmhartige God wat hulle wat in Jesus Christus glo regverdig verklaar.

Geliefdes, mense het baie maal maar 'n flouerië siening oor die sonde en 'n baie hoë dunk van hulleself. Oor die sonde meen hulle dat God nie beskaafde mense wat 'n goeie lewe lei, sommer hel toe sal stuur nie. Maar dan vergeet hulle dat God 'n heilige en regverdige God is. Nie eers een sonde, hoe klein en gering dit ook al vir ons lyk, kan oorgesien word nie, want as God dit sou doen, is Hy nie meer regverdig nie. En al pleeg ek hierdie sonde, wat na my mening klein en gering is, maar net in my gedagtes en geen ander mens ly skade daardeur nie, staan ek nog steeds skuldig voor die heilige God. Van sonde durf ek dus nie gering dink nie.

Soms erken mense tog dat hulle sondaars is, maar dan gaan hulle verder en vergelyk hulleself met ander mense. Ek is darem nie 'n moordenaar of 'n egbreker nie. Ek lei 'n fatsoenlike lewe. Ek is darem 'n dienskneg van die Here wat sy Woord aan mense verkondig. Die Jode het ook graag op die punt gestaan dat hulle darem nie heidene is nie. Die Fariseër het homself ook graag vergelyk met ander mense en gemeen dat sy goeie lewe hom in 'n goeie lig by die Here stel. Vir ons mense mag hierdie redenasies geldig wees, maar by die Here werk dit nie, want die enigste goeie lewe wat vir die Here tel, is dit wat volmaak is.

Eendag sal almal van ons voor die Here God moet staan. En baie gaan daar staan beklee met hulle eie goeie lewens en daar gaan ook mense staan wat beklee is met die volmaakte regverdige lewe van Christus. As ek nog enigsins staatmaak op die dinge wat ek doen om by God aanneemlik te wees, moet ek my daarvan bekeer. Ek kan nie op Christus en nog 'n bietjie op my eie lewe staatmaak nie. Die Heilige Gees lyf die uitverkorenes met die ware geloof in Christus in sodat hulle net Christus en net sy volmaak regverdige lewe sal aanneem om deel te kan kry aan die verlossing van Jesus Christus.

Met sy wederkoms sal Christus as Regter optree. En as jy Hom as die Koning van verlossing in die geloof aanvaar het deur net op Hom en sy volmaakte lewe te steun, sal jy jou verheug oor sy koms, want Hy is dieselfde Jesus Christus wat jou ook verlos het.

Ons leer Jesus Christus ook ken as die Koning van nederigheid. In ons wêreldse manier van dink pas die begrippe *koning* en *nederig* glad nie by mekaar nie. Tydens sy intog in Jerusalem betoon Jesus Homself as die nederige Koning. Hy ry nie op 'n perd soos die konings van Israel sedert Salomo se dae gedoen het nie. Hy ry op 'n donkie; nog meer, Hy ry op die hingsvul van 'n donkie.

Alhoewel ons Koning self God is, eis Hy nie vir Homself die grootste en die beste op nie. Hy het natuurlik alle reg op die beste en die grootste, want Hy is God. Maar Hy verneder Homself en klem nie vas aan sy Goddelike eer asof Hy dit sal verloor nie. As Hy op die donkie in Jerusalem inry, bly Hy die Seun van God wat versoening tussen God en die mense kom bewerk deur sy lewe af te lê as offer vir hierdie versoening.

In sy onderrig aan sy dissipels en aan ons leer Jesus ons nooit om op ons regte te staan nie. Dit gaan nie daaroor dat ons onself moet handhaaf en ons selfbeeld moet bou nie. Die lewe draai immers nie om ons nie maar om God. Soos wat dit vir Jesus Christus gegaan het oor die eer van sy Vader, so behoort dit ook vir ons te gaan oor die eer van die Here. En wanneer ons onself verneder, gaan ons nie ons koninklike priesterskap verloor nie, want Christus het dit met sy volbragte werk vir ons verdien en die Heilige Gees het dit aan ons verseël. Deur die geloof bly dit ons eiendom omdat God dit vir ons gee. Daarom kan ons maar nederige diensknegte wees wat ander se belange vir 'n slag hoër as ons eie stel.

Die vyfde perspektief wat die Heilige Gees aan ons gee op die Koning wat kom, is dat Jesus Christus die Koning van die skepping is. Hier kom Jesus op 'n donkie Jerusalem binnegery. Dit is nie sommer net enige donkie nie. Jesus sê self by monde van Markus: **Geen mens het nog op hom gery nie** (Markus 11:2 AFR83). Dit is dus 'n donkie wat nog nie ingebreek is nie. Maar Jesus klim op hom en sonder om enigins teë te stribbel of te bokspring, onderwerp die donkie hom aan Jesus. Hierdie donkie is baie meer gehoorsaam as mense.

Tog hoor ons in Kolossense 1 dat **Alles deur Hom** (dit is Christus) **en vir Hom geskep is** (Kolossense 1:16 AFR83). Geliefdes, dit beteken dus dat ook ek en jy deur Christus vir Christus geskep is. Moet die Here dan nou vandag 'n donkie gebruik om vir ons, die kroon van sy skepping te leer, hoe om Hom, ons Skepper en Verlosser, te dien en te gehoorsaam? Ek laat sak my kop in skaamte omdat ek nog nie so gewillig en bereid is om die Here in alles te gehoorsaam nie. Hy is immers die Koning van gesag, geregtigheid, verlossing, nederigheid en die skepping. Daarom kan dit nie anders nie as dat Hy moet kom om te regeer.

Geliefdes, vers 9 profeteer Jesus se koms in nederigheid toe Hy Homself as offer vir ons sondeskuld kom oorgee het. In vers 10 hoor ons die profesie van sy wederkoms wanneer Hy in krag en heerlikheid sal kom om oor die hele aarde te regeer. Kom ons luister weer wat staan hier geskryf:

En Ek sal die strydwaens uit Efraim en die perde uit Jerusalem uitroei, en die strydboog sal vernietig word. (Sagaria 9:10 AFR53)

Hier sê die Seun van God self wat Hy gaan kom doen. Hy sal al die oorlogsmasjinerie onder Israel en onder Israel se vyande uitroei. Sy koms sal die geweld onder mense in 'n oogwink stopsit.

Dan sal Hy aan die nasies vrede verkondig, en sy heerskappy sal wees van see tot see, en van die Eufraat tot aan die eindes van die aarde. (Sagaria 9:10 AFR53)

Die vrede sal nie net in woorde kom nie, maar sy teenwoordigheid op die aarde sal die vrede vestig. En, let op, die vrede van sy heerskappy sal nie net op die onmiddellike omgewing wees waar Hy sy

voete neersit nie. Sagaria haal die woorde van Psalm 72 aan waarin die wêreldomvattende heerskappy van die Messias verkondig word –

sy heerskappy sal wees van see tot see, en van die Eufraat tot aan die eindes van die aarde (Sagaria 9:10 AFR53).

Geliefdes, Jesus het self vir ons van sy wederkoms vertel. Ons lees daarvan in Matteus 24 en 26. En in die boek Openbaring sê Hy vir ons deur middel van Johannes, ons mede-gelowige, hoe sy verskyning sal wees. Dan sal Hy nie meer op die hingsvul van 'n donkie ry nie maar op 'n wit perd om die verlossing van sy bruid finaal te maak en om elke liewe vyand van Hom, van sy Vader en van sy bruid vasgebind in die vuurpoel te werp.

Hy sal self die parskuip trap vir die wyn, die wyn van die toorn en oordeel van God, die Almagtige. (Openbaring 19:17 AFR83)

Hy is immers die Koning van die konings en die Here van die here.

Elke liewe mens op aarde sal Hom in daardie tyd ontmoet. Wie in hierdie lewe hulle knie voor Hom buig en Hom erken as die gesagvolle Koning in hulle lewe en Hom en sy werke in die geloof omhels, sal van vreugde sing. Maar hulle wat weier om Hom as die Koning te erken en aanhou om hulleself teen Hom te verhard, sal Hom ontmoet as die Regter uit wie se hand hulle die beker vol van God se toorn en oordeel sal ontvang om daarvan te drink tot in ewigheid.

Broers, susters en kinders, deur die liefdevolle genade van ons hemelse Vader het ons die geloof van die Heilige Gees ontvang om nou reeds vir Christus en sy werke in die geloof te omhels. Hoe sal ons reageer op die feit dat Jesus Christus as Koning kom om te regeer?

Vir die gelowige is daar net een reaksie, en dit is om te jubel en van vreugde te juig. Elkeen wat in 'n hegte verhouding met God lewe, sien met verwagting uit na die koms van Jesus Christus.

Miskien is jy vanoggend op 'n plek in jou lewe waar hierdie oproep om te juig en te jubel oor die koms van die Koning vir jou te vreemd klink. Jou eie lewe is in so 'n warboel weens dinge wat die afgelope week met jou gebeur het. Jy het die afgelope week miskien weer teruggeval in 'n versoeking wat jy vir baie lank kon weerstaan. Of miskien het die aanhoudende hoor van die belofte dat Jesus Christus weer na die aarde gaan kom en daar nog niks konkreet gebeur het nie, al gemaak dat jy begin wonder: Sal dit nog gebeur? Hoe kan ek nog met vreugde uitsien na sy koms?

Geliefdes, die mense aan wie Sagaria hierdie profesie verkondig het, sou seer sekerlik ook hierdie vrae kon vra. Die volk was in dié stadium al terug in die beloofde land. Daar is al begin aan die herbou van die tempel, maar van al die voorspoed waarvan die Here gepraat het deur Esegïel en Jesaja het daar nog niks gekom nie. Die gelowiges in Sagaria se tyd het ook nie die Koning gesien wat Jerusalem op 'n donkie binnery nie. Daar moes nog vier honderd jaar verloop voordat dit sou gebeur. Maar die feit dat hulle dit nie destyds gesien gebeur het nie, het nie die profesie ongeldig gemaak nie.

Ek en jy weet deur die geloof wat die Heilige Gees in ons werk dat hierdie profesie waar geword het. Matteus en Johannes het dit vir ons neergeskryf. Maar die gelowiges van Sagaria se tyd kon hulle al in die geloof verheug oor die Koning wat sou kom. Omdat die profesie van Sagaria 9:9-10 gedeeltelik vervul is, kan ons verseker weet die Here sal ook die laaste deel van hierdie profesie vervul. Jesus Christus, ons ewige Koning, sal weer kom en hierdie keer sal ons almal dit sien gebeur, want die dooies sal opgewek word om saam met die wat dan nog lewe te sien hoe Hy op sy wit perd die verlossing van sy bruid finaal kom maak. In die geloof kan ons reeds jubel en juig, want die Ruiter op die wit perd word genoem Getrou en Waaragtig.

Ons smeek dat die Heilige Gees van ons Verlosser en Vader hierdie jubeling en vreugde in ons sal opwek en aan die brand hou sodat almal kan sien en weet dat ons Koning werklik aan die kom is.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 7-1:1, 3 (31:1, 3)

- 1 Toe sien ek teen die bloue vert' / 'n ruiter op sy haelwit perd; / en 't was om Hom stormagtig,
want Hy, die ruiter, voer sy stryd / en oordeel in geregtigheid; / sy Naam is: Trou, Waaragtig.
Sy oog is soos 'n vlam van vuur, / sy krone skitter in die uur / van langverwagte oorwinning.
Sy Naam, diep met sy wese een, / deurgrond geen mens, net Hy alleen / in held're selfbesinning.

- 3 Hy sal nou met 'n ysterstaf / sy vonnis oor hul, streng en straf, / met oordeelsdaad bekragtig.
Hy trap die parskuip met sy voet, / en bring oor hul in volle gloed / die toorn van God almagtig.
En op sy kleed met bloed gevef, / en op sy heup wat heil verwerf, / staan daar 'n Naam der ere:
dié oorlog het die pleit beslis / dat Hy die "Hoogste Koning" is, / die "Heer van alle here"!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
24 Maart 2013